UIT DIE SERNICK-KRAAL

Van Sernick aan jou

Die gebruik van voerinname in Fase C-toetse en die voerkraal

Voeromsetverhouding (VOV) is weer onder die vergrootglas. Dié verhouding word bereken deur die wisselwerking tussen voerinname en groei. Wanneer 'n mens na Fase C-prestasietoetsing kyk, is dit belangrik om nie net na die VOV te verwys nie, maar ook na die uitwerking van die voerinname op die VOV. 'n Toename in gemiddelde daaglikse toename (GDT) verbeter die VOV, terwyl die voerinname konstant kan bly. Die uitwerking hiervan op winsmarges is in die Desember-uitgawe van *Veeplaas* se Sernick-rubriek bespreek.

Die doel van Fase C-prestasietoetsing is om diere of bloedlyne te identifiseer wat 'n laer voerinname gebruik om dieselfde groei te bewerkstellig. Wanneer hierdie doeltreffende diere of bloedlyne geïdentifiseer is en dan in die voerkraal afgerond moet word vir slagting, moet hul inname gestimuleer word – 'n hoër inname moet dan 'n beter GDT bewerkstellig. Hoe lyk die ekonomie hiervan?

Uitwerking van winsmarges

Wanneer die huidige prysscenario met gemiddelde voerkraalprestasiefaktore gesimuleer word, kan die uitwerking van verskillende innames en GDT's bepaal word. *Figuur 1* dui die wisselwerking aan.

Figuur 1: Winsmarge per bees vir verskillende kombinasies van inname en GDT.

Voerinname (kg/dag) \ GDT	825	1.8	1.82	1.84	1.85	1.87	1.89
10.98	825	894	964	1035	1106	1178	
11.09	783	853	922	993	1064	1136	
11.20	742	811	881	951	1022	1094	
11.31	699	768	838	909	980	1052	
11.43	656	726	795	866	937	1009	
11.54	613	682	752	823	894	966	
11.66	570	639	709	779	850	922	

Die voerinname en GDT is met 1% verhoog om die uitwerking op die winsmarge weer te gee. Dit is duidelik dat die wins verlaag soos wat die inname verhoog en dat die wins verhoog wanneer die GDT toeneem. Die vraag is wat die marginale/addisionele toename in GDT is vir elke eenheid toename in voerinname? Wat is die ekonomiese uitwerking hiervan en is dit positief?

Volgens die berekening in *Figuur 1* is 'n 1% verhoging in inname gelyk aan 0,12kg voerinname per dier per dag en 'n 1% toename in GDT gelyk aan 0,02kg per dier per dag. Dus verhoog die inname met 'n faktor van 6,4 keer meer as die GDT, gebaseer op 'n 1% toename in beide. Wanneer 'n mens ekonomies hierna kyk, is die negatiewe uitwerking van 'n 1% toename in die voerinname R41,92, terwyl die positiewe uitwerking van 'n 1% toename in die GDT R71,98 is. Die netto som is dan 'n positiewe uitwerking van R30,06.

Identifiseer en teel dus diere met lae voerinnames in vergelyking met groei (VOV), en stimuleer die inname in die voerkraal om wins te verhoog deur presisie- en prioriteitsvoeding te doen. Neem die temperatuur in ag waar kouer temperature die inname stimuleer en maak dus seker daar is dan voer in die voerbak. Verwyder ou voer wat onsmaaklik is, veral as dit kuilvoergebaseer is. Verminder voerbakkompetisie deur genoeg voerbakspasie en hou dominante en skaam vreters apart. VP

Kontak ons gerus vir meer inligting.
Phillip Oosthuizen:
Hoof van Ekonomie en Navorsing.
Sel: 076 901 8763
Epos: phillip@sernickgroup.co.za
Webtuiste: www.sernick.co.za

Sit die harde werk in wat niemand wil doen nie, om die resultate te kry wat nie almal kan kry nie.

Die krag van optimisme

Suid-Afrikaanse produsente trap spore in China saam met verteenwoordigers van Amerika, Brittanje, Australië en Nieu-Seeland.

Suid-Afrikaanse landbouers is uniek